

The power of literacy

All children deserve the opportunity to learn to use reading and writing meaningfully in their lives – to become literate! A lifelong literacy journey can begin with small but exciting steps as your children experience the thrill of getting lost in a story, or the power of expressing their own ideas in writing.

Learning to read and write is not just about learning new skills. It is about learning to use reading and writing in real and important ways. And, being literate allows us to:

- use books and other forms of writing to learn from – we can learn new things from what other people write.
- explore and communicate what we think, feel and know.

- enjoy the richness of language as we read, and so learn to use language in new and different ways.
- find out about other people's experiences and learn from them, even when we've never met them because they may have lived long ago, or they live in far-away places.
- discover different ways of seeing the world.

When we help children become readers and writers, we give them the key to a worldwide community. But, this does not happen overnight and we need to help spark their literacy, and then keep it going by inspiring them. Here are some of the ways you can help.

- **Be a role model.** Your children learn from your example. They need to see you using reading and writing in different ways in your daily life.

- **Provide materials.** You can't learn to read if you don't have anything to read, and you can't learn to write if you don't have anything to write with or on! Children need to be able to easily find books that interest them, and also paper, pencils and crayons to write and draw with.
- **Take an interest.** Every time children read and write, encourage them by showing an interest in what they are doing.
- **Read aloud.** When children are motivated to read and write, they stand a greater chance of being lifelong readers and writers! Reading aloud to them as often as you can, teaches them the power of print and opens up their minds to facts, fantasy, and much more.

Die krag van geletterdheid

Elke kind verdien die kans om te leer om lees en skryf sinvol in hulle lewens te gebruik – om geletterd te raak! 'n Lewenslange reis kan met klein, maar opwindende stappe begin wanneer jou kinders die genot ervaar om verlore te raak in 'n storie, of die vreugde wanneer hulle hul eie idees op skrif kan stel.

Om te leer lees en skryf gaan nie net oor die aanleer van nuwe vaardighede nie. Dit gaan ook oor hoe om lees en skryf op werklike en belangrike maniere te gebruik. En as ons geletterd is, stel dit ons in staat om:

- te leer uit boeke en ander skryfmaniere – ons kan nuwe dinge leer uit wat ander mense skryf.
- dit wat ons dink, voel en weet te verken en te kommunikeer.
- die rykheid van taal te geniet terwyl ons lees, en so te leer om taal op nuwe en verskillende maniere te gebruik.
- uit te vind oor ander mense se ervarings en daaruit te leer, selfs wanneer ons hulle nog nooit ontmoet het nie, want hulle het dalk lank gelede geleef of woon in plekke wat ver weg is.
- verskillende maniere te ontdek om die wêreld te sien.

Wanneer ons kinders help om lesers en skrywers te word, gee ons vir hulle die sleutel tot 'n wêreldwye gemeenskap. Maar dit gebeur nie oornag nie. Ons moet help om die vonkie van hulle geletterdheid aan te steek, en dit dan te laat aanhou brand deur hulle te inspireer. Hier volg 'n paar maniere waarop jy kan help.

- **Wees 'n rolmodel.** Jou kinders leer uit jou voorbeeld. Hulle moet sien hoe jy lees en skryf op verskillende maniere in jou daaglikse lewe gebruik.
- **Verskaf materiale.** Jy kan nie leer lees as jy niks het om te lees nie, en jy kan nie leer skryf as jy niks het om mee of op te skryf nie! Kinders moet maklik boeke kan vind waarin hulle belangstel, en ook papier, potlode en kryte waarmee hulle kan skryf en teken.
- **Toon belangstelling.** Moedig kinders aan deur belangstelling te toon in wat hulle doen elke keer wanneer hulle lees en skryf.
- **Lees hardop.** Wanneer kinders gemotiveer is om te lees en te skryf, staan hulle 'n groter kans om lewenslang lesers en skrywers te word! Lees so dikwels moontlik hardop vir jou kinders, want dit leer hulle die krag van die woord, en maak hulle verstand oop vir feite, fantasie, en nog baie meer.

In this special International Literacy Day edition, you can:

- read a Nal'ibali story about Noodle and Bella (pages 3 and 5)
- build your own Nal'ibali picture and tell a story (page 2)
- find ideas on how to celebrate International Literacy Day and National Book Week (page 4)
- make a bilingual zigzag book for younger readers (page 8).

In hierdie spesiale uitgawe vir Internasionale Geletterdheidsdag kan jy:

- 'n Nal'ibali-storie oor Noodle en Bella lees (bladsye 3 en 5)
- jou eie Nal'ibali-prent teken en 'n storie vertel (bladsy 2)
- idees vind oor hoe om Internasionale Geletterdheidsdag en Nasionale Boekeweek te vier (bladsy 4)
- 'n tweetalige sigsagboek vir jonger lesers maak (bladsy 8).

Neo



Drive your
imagination

Read to me. Explore a story.

Lees vir my. Verken 'n storie.



It starts with a story...



Drive your imagination









Create a picture story!

1. Cut out the background and the Na'ibali characters below.
2. Paste them on cardboard and, if possible, cover them with plastic.
3. Use Prestik to stick the characters onto the background – then move them around to make up your own story.
4. You could also draw thought bubbles for the characters to show what they are thinking. Then, stick your thought bubbles onto your picture.

Maak 'n prentstorie!

1. Sny die agtergrond en die Na'ibali-karakters hieronder uit.
2. Plak hulle op karton en, indien moontlik, bedek hulle met plastiek.
3. Gebruik wondergom om die karakters op die agtergrond vas te plak – beweeg hulle dan rond om jou eie storie te maak.
4. Jy kan ook dinkborrels vir die karakters teken om te wys wat hulle dink. Plak dan jou dinkborrels op jou prent vas.



It started with a puppy

Illustrations by Rico



"Story, story, please Gogo, tell us a story," begged Neo. Bella smiled and nodded.

"Yes, please," said Afrika who was sitting on Gogo's lap.

Gogo laughed. "Okay," she said, "let me tell you the story of how you became friends. Did you know that it all started with a puppy?"

Neo nodded. Bella smiled and said, "Tell us, tell us." And so Gogo began to tell the story.

One night, not too long ago, a puppy was wandering around sniffing at each dustbin he came across. He was hungry and he was lost. He didn't know where he was going, but he did know that his tummy was empty and he needed food!



"Poor puppy," said Afrika.


But there was no food near the dustbins. The puppy whined softly. He needed to eat and find a warm place to sleep. He walked down the street. There were many houses but some of them had big dogs that barked at him and showed their teeth. He was very scared.

Then, near the end of the street, he saw a little house that had no big dogs in the garden. The lights were on inside and it looked warm and friendly, so the puppy walked towards it.

As he got closer a wonderful smell reached his nose. The front door was open and he could see inside. He saw a little girl reading a book. She laughed to herself as she looked at the pictures.

"Supper time," the puppy heard a soft, friendly voice call. He watched as the girl's mother put a plate of noodles on the table. "I'll fetch my plate and the sauce. Wash your hands quickly," the woman said as she walked back towards the kitchen. The little girl rushed to the bathroom.

That was the moment the puppy had been waiting for. He dashed inside, jumped on the chair, buried his face in the plate of warm, yummy noodles and ate every single one of them. Then, just as quickly, he ran out the open door to hide outside.



"But Mom," called the little girl as she sat down at the table, "there's no food on my plate."

"WHAT?" Her mother rushed back into the room. "But I just dished some up." She turned to look at the open door. "Oh no," she said, "something or someone has come in and stolen your food." She shut the front door and locked it.

Meanwhile the puppy had run round into the back garden. He found the kitchen door open and crept inside. The whole room was filled with the wonderful smell of food. There on the kitchen table was a big pot and another plate of noodles. The puppy again jumped onto a chair and once again put his face into the plate and started to eat.

Just then the little girl and her mother came into the kitchen.

"What's going on?" said the girl's mother loudly.

The puppy was so scared; he crept into a corner and whined.

"What are we going to do with you? You are VERY dirty," said the woman.

"Ooo," said the little girl, "and your mouth is still full of noodles!"

"Close the door," said her mother. "We'll eat first and then we'll wash him." And that's what they did.

"Now," said Gogo, "who can guess what they named the puppy?"

"NOODLE!" shouted Bella and Neo.

"Yes," said Gogo. "And do you know who the people in the story were?"

"Bella and her mom," shouted Afrika.

"MEEEE!" shouted Bella. Neo laughed.

"But that's not the end of the story," said Gogo. "Bella had to find out if the puppy belonged to anyone. Only if she could not find the owner, could she keep the puppy. So, the next day Bella and her mom went from door to door asking everyone if the puppy was theirs. But no one had seen it before. On her way Bella met Mme wa Afrika and ..."



"MEEEE!" shouted Afrika.

"Yes," said Gogo, "and so you all met Noodle. And that is how you all became friends and Noodle became Bella's dog, because nobody owned him."

"And he's the best dog in the world," said Bella.

"And we're the best friends in the world," said Neo.





Celebrate literacy!

On 8 September each year, it is International Literacy Day – a day to celebrate our own literacy journey and also to remember that there are 785 million people across the world who are unable to read and write.

In South Africa, we also celebrate National Book Week in the first week of September every year. From 2 to 7 September 2013, everyone involved with books and/or children is encouraged to celebrate reading and the magic of books.

Here are five ideas to do together with children to encourage them on their literacy journey.

1. Read your favourite picture book, or a passage from a novel you are reading, with a family member or friend.
2. Share a story with someone you've never told or read stories to before.
3. Create a story chain by writing "Once upon a time..." on a piece of paper, and then getting everyone to add one sentence to the story. If the story is not finished once everyone has written their sentence, give everyone another turn.
4. Reuse cardboard boxes and decorate them to create book boxes to keep your favourite stories in. Or use the cardboard to make a book mark!
5. Create a secret code. Use it to write a message. Ask other family or club members to try to crack the code.

Vier geletterdheid!

Elke jaar op 8 September is dit Internasionale Geletterdheidsdag – 'n dag om ons eie reis na geletterdheid te vier en ook te onthou dat daar 785 miljoen mense in die wêreld is wat nie kan lees en skryf nie.

In Suid-Afrika vier ons ook elke jaar in die eerste week van September Nasionale Boekeweek. Vanaf 2 tot 7 September 2013 word elkeen wat betrokke is by boeke en/of kinders aangemoedig om lees en die betowering van boeke te vier.

Hier volg idees vir vyf dinge wat jy saam met jou kinders kan doen om hulle aan te moedig op hul reis na geletterdheid.

1. Lees jou gunsteling-prenteboek, of 'n gedeelte uit 'n roman saam met 'n familielid of 'n vriend.
2. Deel 'n storie met iemand vir wie jy nog nooit 'n storie vertel of gelees het nie.
3. Skep 'n storieketting deur "Lank, lank gelede ..." op 'n vel papier te skryf en dan elkeen te vra om een sin van die storie te skryf. As die storie nie klaar is wanneer almal hulle sinne geskryf het nie, gee vir elkeen nog 'n beurt.
4. Hergebruik kartonbokse en versier hulle om boekebokse te maak waarin julle jul gunstelingstories kan bêre. Of gebruik die karton om 'n boekmerk te maak!
5. Skep 'n geheime kode. Gebruik dit om 'n boodskap te skryf. Vra ander familieledede of klubledede om die kode te probeer ontsyfer.

Come and join us!

Nal'ibali will be at the South African Book Development Council and Department of Arts and Culture's National Book Week celebrations which are taking place at the Red Location Museum in New Brighton, Port Elizabeth from 5–7 September 2013. We will be hosting reading club demonstrations, as well as reading-for-enjoyment workshops for caregivers. There will also be book debates, live performances, a writing workshop, a spelling bee and a word-a-thon. To find out more, phone 021-9148626/7.



Kom sluit by ons aan!

Nal'ibali sal by die Suid-Afrikaanse Boekontwikkelingsraad en Departement van Kuns en Kultuur se feesvieringe vir Nasionale Boekeweek wees wat plaasvind by die Red Location-museum in New Brighton, Port Elizabeth van 5–7 September 2013. Ons sal leesklubdemonstrasies aanbied, asook lees-vir-genot-werkwinkels vir versorgers. Daar sal ook boekdebate, regstreekse optredes, 'n skryfwerkwinkel, 'n spelwedstryd en 'n woordwedstryd gehou word. Om meer uit te vind, skakel 021-9148626/7.

Create your own story cards

1. When you have finished reading the supplement, take out pages 3 and 5.
2. Cut along the dotted lines on each page.
3. Paste each part of the story on either side of an A4 sheet of cardboard. Use a separate sheet of cardboard for each language.
4. If possible, cover the cards with plastic.

Maak jou eie storiekaarte

1. Wanneer jy die bylae klaar gelees het, haal bladsye 3 en 5 uit.
2. Sny al langs die stippellyne op elke bladsy uit.
3. Plak die dele van die storie aan weerskante van 'n A4-vel karton. Gebruik 'n afsonderlike vel karton vir elke taal.
4. Bedek die kaarte met plastiek, indien moontlik.

Dit het alles met 'n babahondjie begin



Illustrasies deur Rico



“Storie, storie, asseblief Gogo, vertel vir ons 'n storie,” smeek Neo. Bella glimlag en knik.

“Ja, asseblief,” sê Afrika wat op Gogo se skoot sit.

Gogo lag. “Goed dan,” sê sy, “kom ek vertel vir julle die storie van hoe julle maats geraak het. Het julle geweet dit het alles met 'n babahondjie begin?”

Neo knik. Bella glimlag en sê: “Vertel vir ons, vertel vir ons.” En so begin Gogo die storie vertel.

Een aand, nie te lank gelede nie, loop en snuffel 'n babahondjie aan al die vullisblikke in die straat. Hy is honger en verdwaal. Hy weet nie waarheen hy op pad is nie, maar hy weet sy maag is leeg en hy moet kos kry!



“Arme babahondjie,” sê Afrika.

Maar daar is geen kos naby die vullisblikke nie.

Die hondjie tjank saggies. Hy moet eet en 'n warm plek kry om te slaap. Hy stap in die straat af. Daar is baie huise, maar by sommige van hulle is daar groot honde wat vir hom blaaf en tande wys. Hy is baie bang.

“WAT?” Haar ma storm by die kamer in. “Maar ek het nou net noedels ingeskep.” Sy draai om en kyk na die oop voordeur. “Ai tog,” sê sy, “iets of iemand het ingekom en jou kos gesteel!” Sy maak die voordeur toe en sluit dit.

Intussen het die hondjie om die huis na die agtertuin gehardloop. Die kombuisdeur staan oop en hy sluip in. Die hele vertrek is gevul met die heerlike geur van kos. Op die kombuistafel staan 'n groot pot en nog 'n bord noedels. Die hondjie spring weer op 'n stoel en weer druk hy sy kop in die bord noedels en begin eet.

Net toe stap die dogtertjie en haar ma in die kombuis in.

“Wat gaan hier aan?” vra die dogtertjie se ma hard.

Die hondjie is so bang; hy kruip in 'n hoekie weg en tjank kliphard.

“Wat gaan ons met jou doen? Jy is BAIE vuil,” sê die vrou.

“Oee,” sê die klein dogtertjie, “en jou bek is vol noedels!”

“Maak toe die deur,” sê haar ma. “Kom ons eet eers en dan sal ons hom bad.” En dis toe wat hulle doen.

“Nou,” sê Gogo, “wie kan raai wat hulle die hondjie genoem het?”

“NOODLE!” skree Bella en Neo.

“Ja,” sê Gogo. “En weet julle wie die mense in die storie was?”

“Bella en haar ma,” skree Afrika.

“EK, EK, EK!” skree Bella. Neo lag.

“Maar dis nie die einde van die storie nie,” sê Gogo. “Bella moes gaan uitvind of die hondjie aan enigiemand behoort. Slegs as sy nie die eienaar kon vind nie, kon sy die hondjie hou. Die volgende dag het Bella en haar ma toe van deur tot deur geloop en vir almal gevra of dit hulle hondjie is. Maar niemand het hom al voorheen gesien nie. Op pad het Bella vir Mme wa Afrika raakgeloop en ...”



“VIR MY!” skree Afrika.

“Ja,” sê Gogo, “en so het julle almal vir Noodle ontmoet. En dis hoe julle almal maats geraak het. Noodle het Bella se hond geword omdat hy aan niemand behoort het nie.”

“En hy is die beste hond in die wêreld,” sê Bella.

“En ons is die beste maats in die wêreld,” sê Neo.





Drive your imagination

Story stars

Weaving together stories and music

Pedro Espi-Sanchis, or "Pedro, the Music Man" as he is widely known, is famous for his ability to make beautiful music using natural objects like seaweed and calabashes. He is also a wonderful storyteller. We spoke to him about his passion for stories and working with children.

Who told you stories when you were a child?

My parents had to work very hard, so I mostly heard stories at school.

What is the greatest lesson you learnt from a story?

I have learnt to appreciate the important role of the trickster! I'm not talking about people who take advantage of you, but about the characters who actually change the way you look at the world and your place in it.

What do you enjoy most about working with children?

Their freshness and unforgiving response – if you do not hold their interest, they will start speaking and wriggling!

What are your top tips for keeping children interested during storytelling?

(1) Make sure you are having fun yourself. (2) Put music and rhythm into your storytelling. (3) Get the audience to take part in the story.

You also teach African music. What do you enjoy most about this and what do you find challenging?

My favourite thing is to see the joy people feel when they recognise the "Africanness" of the music and experience the creativity it gives them. It's really challenging though to see the loss of enthusiasm for the teaching profession in South Africa, and also the loss of amazingly simple and effective African instruments.

Which book do you think every child should read?

The *Dark Materials* trilogy, by Philip Pullman, for older readers; and *Alice in Wonderland* by Lewis Carroll for younger readers.

Finish this sentence: Life without stories would be ...

like riding a bicycle without a saddle – a very bumpy and painful ride!

Storiesterre

Weef stories en musiek saam

Pedro Espi-Sanchis, of "Pedro, die Musiekman" soos hy ook genoem word, is bekend vir sy vermoë om pragtige musiek te maak met natuurlike voorwerpe soos seewier en kalbasse. Hy is ook 'n wonderlike storieverteller. Ons het met hom oor sy passie vir stories en sy werk met kinders gesels.

Wie het vir jou stories vertel toe jy 'n kind was?

My ouers moes baie hard werk, en ek het dus meestal stories by die skool gehoor.

Wat is die grootste les wat jy uit 'n storie geleer het?

Ek het geleer om die belangrike rol van die verkuller te waardeer! Ek praat nie van mense wat probeer misbruik maak van jou nie, maar eeredr van die karakters wat in werklikheid die manier waarop jy na die wêreld en jou plek daarin kyk, verander.

Wat geniet jy die meeste van jou werk met kinders?

Hulle varsheid en onvergeeflike terugvoer – as jy nie hulle aandag behou nie, sal hulle begin praat en wriemel!

Wat is jou topwenke om kinders se belangstelling te hou wanneer jy vir hulle stories vertel?

(1) Maak seker jy self geniet dit. (2) Voeg musiek en ritme by jou storievertelling. (3) Kry die gehoor om deel te neem aan die storie.

Jy onderrig ook Afrika-musiek. Wat hiervan geniet jy die meeste en wat vind jy uitdagend?

My gunstelingding is om die vreugde te sien wat mense ervaar wanneer hulle die "Afrika-aard" in die musiek herken en die kreatiwiteit ervaar wat dit vir hulle gee. Dit is regtig uitdagend om die verlies aan entoesiasme vir die onderwysprofessie in Suid-Afrika te sien, asook die verlies aan die verstommend eenvoudige en doeltreffende Afrika-instrumente.

Watter boek dink jy behoort elke kind te lees?

Die *Dark Materials*-trilogie, deur Philip Pullman, vir ouer lesers; en *Alice in Wonderland* deur Lewis Carroll vir jonger lesers.

Voltooi hierdie sin: Die lewe sonder stories sal wees ...

soos fietsry sonder 'n saal – 'n baie stamperige en pynlike rit!



Pedro Espi-Sanchis

Across the country, individuals and organisations are finding ways to make reading and writing part of children's daily lives. To say thank you, our featured **Story Stars** will receive meal vouchers* courtesy of **Wimpy** to enjoy with the children in whose lives they are making a difference.

* For terms and conditions that apply, go to www.nalibali.org/story-stars.



Oor die hele land heen vind individue en organisasies maniere om lees en skryf deel te maak van kinders se daaglikse lewens. Om dankie te sê sal ons **Storiesterre** wat in die bylae verskyn maaltydbewyse* met vergunning van **Wimpy** ontvang sodat hulle dit kan geniet saam met die kinders in wie se lewens hulle 'n verskil maak.

* Vir die bepalinge en voorwaardes wat geld, gaan na www.nalibali.org/story-stars.

What are your thoughts?

We're putting together a **Charter on Children's Literacy** and want to know what you think about children's right to read and write! Literacy is a human right, but how do we make sure that all South Africa's children have equal access to this right? What are the literacy experiences all our children should have if we want them to become fully literate citizens?

Send us your ideas by 18 October 2013 by writing to us at Nal'ibali, PRAESA, UCT, Private Bag, Rondebosch, 7701, or by emailing us at letters@nalibali.org. Then watch your supplement for the launch of this Charter early next year!

Wat dink jy?

Ons is besig om 'n **Handves vir Kindergeletterdheid** saam te stel en ons wil weet wat jy dink van kinders se reg om te lees en te skryf! Geletterdheid is 'n mensereg, maar hoe maak ons seker dat alle Suid-Afrikaanse kinders gelyke toegang tot hierdie reg het? Wat is die geletterdheidservarings wat al ons kinders behoort te hê as ons wil hê hulle moet volkome geletterde landsburgers word?


Stuur jou idees vir ons teen 18 Oktober 2013 deur vir ons te skryf by Nal'ibali, PRAESA, UK, Privaatsak, Rondebosch, 7701, of deur vir ons 'n e-posboodskap te stuur by letters@nalibali.org. Hou dan jou bylae dop vir wanneer ons vroeg volgende jaar hierdie Handves van stapel stuur!



Get story active!

Go! on page 8 has been written especially for babies and toddlers. (Older children can enjoy it in their mother-tongue first and then read it in the other language of the supplement.) Here are some ideas of the kinds of things you can do and say as you share the book with babies and toddlers.

- Page 2: "Hello, Mommy Bunny. Hello, Baby Bunny." (Wave at the picture.)
- Page 3: "What are these?" (Point to the ducklings.) "They are baby ducks. I wonder where the Mommy Duck is? Oh, there she is!" (Point to duck.)
- Page 4: "See how Rhino is driving the truck? Look there is sand on his truck." (Point first to Rhino and then to the sand.)
- Pages 5 and 6: "Look who's in the taxi. There's Mommy Elephant and Baby Elephant. There's Giraffe and the taxi driver is Lion." (Point to the animals.) "Bye, bye, Baby Elephant." (Point to Baby Elephant and wave your hand.)
- Page 7: "Look, Monkey is riding a bicycle. There is the bell. It goes *ring, ring!*" (Point to bicycle and to bell.)
- Page 8: "There is Zebra. He's on a pink scooter." (Point to Zebra and the scooter.) "Bye bye, Zebra!" (Wave at picture.)



Raak doenig met stories!

Gaan! op bladsy 8 is spesiaal vir babas en kleuters geskryf. (Ouer kinders kan dit eers in hulle moedertaal geniet en dit dan in die ander taal van die bylae lees.) Hier is 'n paar idees van die dinge wat jy kan doen en sê terwyl jy die boek met babas en kleuters deel.

- Bladsy 2: "Hallo, Mamma Hasie. Hallo, Baba Hasie." (Waai vir die prentjie.)
- Bladsy 3: "Wat is dit?" (Wys na die eendjies.) "Hulle is baba-eendjies. Ek wonder waar die Mamma Eend is? O, daar is sy!" (Wys na die eend.)
- Bladsy 4: "Kyk hoe bestuur Renoster die vragmotor. Kyk, daar is sand op sy vragmotor." (Wys eers na Renoster en dan na die sand.)
- Bladsy 5 en 6: "Kyk wie is in die taxi. Daar is Mamma Olifant en Baba Olifant. Daar is Kameelperd, en Leeu is die taxibestuurder." (Wys na die diere.) "Tata, Baba Olifant." (Wys na Baba Olifant en waai met jou hand.)
- Bladsy 7: "Kyk, Apie ry fiets. Daar is die klokke. Dit lui *trieng, trieng!*" (Wys na die fiets en die klokke.)
- Bladsy 8: "Daar is Sebra. Hy ry op 'n pienk skopfiets." (Wys na Sebra en die skopfiets.) "Tata, Sebra!" (Waai vir die prentjie.)

Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SFfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.


SFfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

In your next Nal'ibali supplement:

- Find out about creating a literate environment in South Africa
- Story Stars: A star children's librarian
- A mini-book, *Lauren's new hairdo*
- The first part of the story, *Thembela in the wind*

Missed out on a copy of your Nal'ibali supplement or looking for back copies? Visit the Supplements section on the Nal'ibali website at <http://nalibali.org/supplements/> to download copies of your favourite reading-for-enjoyment supplement!

Find us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Vind uit hoe ons 'n kultuur van geleterdheid in Suid-Afrika kan skep
- Storiesterre: 'n Sterbibliotekaris van kinderboeke
- 'n Boekie, *Lauren se nuwe haarstyl*
- Die eerste deel van die storie, *Thembela in die wind*

Het jy 'n eksemplaar van jou Nal'ibali-bylae misgeloop, of is jy op soek na vorige bylaes? Besoek die "Supplements"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf by <http://nalibali.org/supplements/> om eksemplare van jou gunsteling lees-vir-genot-bylae af te laai!




8

Bye bye!
Trrrr!



7

Trieng,
Trieng,
Ring,
Ring!



9

Beep,
Beep!
Toet!
Toet!



1

Go!
Gaan!




2

Hello!
Hallo!



3

Splash!
Plass!



4

Chug,
chug!
Tjoef,
Tjoef!



Carole Bloch
Marna Hattigh



Drive your
imagination